Die Hoërskool Wonderboom

Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

GROEI en DIEN

# Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 8 November 2019

---

## 1. HANDBOEKE



Handboeke is 'n ongelooflike duur uitgawe. Elke leerder bly verantwoordelik vir die handboeke wat aan hom/haar toevertrou is. Die handboeke moet daagliks (soos wat die vak afgehandel word) ingehandig word. Indien 'n handboek nie ingehandig word nie of die handboek beskadig is, sal u as ouer verantwoordelik bly vir die koste hieraan verbonde.

---

## 2. ALGEMENE OUERVERGADERING: BEGROTING

Tydens die algemene ouervergadering van 5 November was daar nie 'n kworum van ouers teenwoordig nie. Die vergadering sal dus, soos deur wetgewing voorgeskryf, op 19 November om 18:00, in die personeelkamer plaasvind, ongeag of daar 'n kworum is of nie. Die voorgestelde skoolgeldverhoging is 6.2%

<u>'n Uiteensetting van die voorgestelde skoolgeldstruktuur vir 'n gesin is soos volg:</u>

Eerste leerder: R17 500.00 (Aanvangspaaiement: R2500,00 + R1500.00 X 10 maande)
Tweede leerder: R16 500.00 (Aanvangspaaiement: R2500.00 + R1400.00 X 10 maande)
Derde leerder: R15 500.00 (Aanvangspaaiement: R2500.00 + R1300.00 X 10 maande)
Die handboekfooi is reeds ingesluit in die bogenoemde struktuur en sal nie meer 'n aparte bedrag wees nie.

---

## 3. EKSAMEN – GRAAD 8/9




Die Graad 8-leerders se eindeksamen eindig op 18 November, terwyl die Graad 9-leerders se laaste vraestel op 19 November plaasvind. Die Graad 8-leerders kan dus vanaf 19 November tuis bly en die Graad 9-leerders vanaf 20 November.

---

## 4. PUNTE OP DIE D6-STELSEL

Ouers kan op die D6-toep hul kind se punte sien. Daar moet egter in gedagte gehou word dat, soos wat vraestelle afgehandel, gemerk en punte op die stelsel ingelees word, punte verander. Slegs wanneer alle punte afgehandel is, sal u die finale punt kan sien.

---

## 5. RAPPORTE




Leerders ontvang hulle rapporte op 4 Desember om 8:00.

---

## 6. GRAAD 12-UITSLAE

Dit blyk asof die Graad 12-Matriekuitslae op 7 Januarie 2020 beskikbaar sal wees. Leerders kan die uitslae vanaf 8:00-10:00 by die skool kom kry. Sterkte aan al die matrikulante met hierdie finale eksamens.

---

## 7. VAKVERANDERINGS – GRAAD 11(2019)

Graad 11-leerders kan met toestemming vanaf die Departement van Onderwys EEN vak vir Graad 12 (2020) verander. Hierdie verandering moet egter reeds voor 4 Desember, met die nodige dokumente, na die Departement gestuur word, ten einde die korrekte registrasie vir matriek te verseker. Indien 'n leerder in Graad 11 dit oorweeg om 'n vak te verander, kontak me. Strydom vir dié dokumentasie.

## 8. VAKVERANDERINGS – GRAAD 10 (2019)

Graad 10-leerders wat dit oorweeg om vakke te verander vir Graad 11 (2020) moet voor die skool sluit 'n vakveranderingsvorm ingee. Dit is baie belangrik ten einde die leerder met sy/haar nuwe vakke in die rooster van 2020 in te pas.




## 9. JAARBLAD

'n Pragtige jaarblad is teen R120.00 per leerder beskikbaar. Graad 8-11 leerders kan hul gelde by die finansiële kantoor betaal ten einde hul jaarblad te verseker. Graad 12-leerders kan hul bestelling vir die jaarblad by die algemene kantoor plaas.

## 10. LIVINGSTONE TOURISM ACADEMY

Leerders wat belangstel om opgelei te word as 'n toergids, kan gerus van die "Livingstone Tourism Academy" se opleidingsgeleentheid gebruik maak. Die opleiding vind vanaf 27 November tot 5 Desember 2019 plaas. Registrasie vir dié kursus moet voor of op 15 November plaasvind. Leerders kan gerus die webwerf [www.livingstonetourismacademy.co.za](http://www.livingstonetourismacademy.co.za) besoek of mnr. Roodt kontak vir meer inligting.




M LEZAR
SKOOLHOOF